'n Ingeligte verbruiker
is 'n tevrede verbruiker

Krediet

VERBRUIKERSDIENSTE
& BILLIKE HANDEL

BESIGHEIDSBEVORDERING & TOERISME

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE LANDBOU & TOERISME WES-KAAP

Krediet kan gebruik word om vir allerhande soorte produkte en dienste te betaal. 'n Mens kan mediese sorg, opvoeding en selfs kos op krediet koop. Maar krediet kan gevaarlik wees, want dit is maklik om diep in die skuld te raak deur op krediet te koop.

Soorte krediet

- Lenings deur banke.
- Rekeninge by winkels vir items soos klere en skoene.
- Rekeninge by professionele mense soos dokters.
- Paaimentooreenkomste vir goedere soos motors of meubels.

Voordat u op krediet koop

Dink na oor die volgende voordat u besluit om op krediet te koop:

- Het u die goed werklik nodig?
- Oefen die verkoopspersoon druk op u uit om op krediet te koop?
- Kan u nie genoeg geld spaar om kontant te betaal nie?
- Wat is die verskil tussen die kontantprys en die bedrag wat u uiteindelik sal moet betaal as u dit afbetaal?
- Hoe lank sal dit u neem om u skuld af

te betaal?
- Sal u elke maand die paaiement kan bekostig?
- Hoeveel sal 'n ander winkel daarvoor vra?
- Wat is die finansieringskoste?
- Kon u vorige rekenings sonder probleme afbetaal?

Doen dit reg -----

Maak seker dat die volgende reëls nagekom word wanneer u 'n ooreenkoms aangaan om krediet te kry:

- Die verkoper word nie toegelaat om vir u geld vir 'n deposito ook te leen nie.
- Moenie enige dokumente onderteken voordat u seker is dat dit volledig ingevul is en u dit deurgelees het en tevrede is met die inhoud daarvan nie.
- Maak seker dat die korrekte inkomsteseël op 'n krediet-afbetalingskontrak is voordat u dit onderteken.

- Dring daarop aan om binne veertien dae nadat die kontrak geteken is, 'n afskrif daarvan te ontvang soos vereis deur die Wet op Kredietooreenkomste.
- Bewaar die kontrak vir toekomstige gebruik.
- Moenie 'n kontrak onderteken wat bepaal dat u goedere sal terugbesorg as dit nie vir u moontlik is om voort te gaan om die paaiement te betaal nie.
- Daar behoort slegs van u verwag te word om twee dokumente vir 'n kredietooreenkoms te onderteken.

Die een is 'n kredietaansoekvorm en die ander is 'n kredietooreenkoms.

- Wanneer u 'n motor koop, sal daar ook van u verwag word om vorms vir die registrasie en versekering te onderteken.
- U kan ook gevra word om meubels wat op krediet gekoop word, te verseker, hoewel die winkel u nie kan dwing om dit by 'n bepaalde maatskappy te verseker nie. Indien u dit elders verseker, sal u bewys daarvan aan die winkel moet verskaf.
- Wanneer goedere afgelewer word, moet u dit onmiddelik ondersoek en seker maak dat u tevrede is met die toestand daarvan voordat u vir ontvangs teken.

- Moet nooit vir goedere betaal wat nog nie afgelewer is nie.
- Maak seker dat u 'n kwitansie vir elke betaling ontvang.
- Bewaar hierdie kwitansies saam met die kontrak en moet dit nie vir enigeen gee nie. Maak 'n afskrif indien nodig, of verstrek slegs die nommer van die kwitansie.
- 'n Artikel wat op krediet gekoop is, bly die eiendom van die verkoper totdat u u finale betaling gemaak het.
- U moet u krediteure binne veertien dae van enige adresverandering in kennis stel.
- Sommige kleinhandelaars het lopende rekeninge wat nie kredietooreenkomste is nie. Wanneer u iets op 'n oop rekening koop, word die goedere onmiddelik u eiendom.

Wanneer u nie kan betaal nie-

Indien u nie kan voortaan om u

paaiemente te betaal nie, is die goue reël dat u nie versoeke om te betaal bloot ignoreer nie. Gaan bespreek dit met u krediteure.

- Gaan spreek die verkoper so gou as moontlik indien dit nie vir u moontlik is om u paaiemente te betaal nie. Hulle probeer gewoonlik om waar moontlik te help.
- **Om slegte skuld bloot te ignoreer, sal dit nie laat verdwyn nie.** Hoe langer u stil bly oor die feit dat u nie kan betaal nie, hoe groter sal u probleme uiteindelik wees.
- Indien die verkoper nie 'n hofbevel het nie, moet u u toestemming gee dat goedere teruggeneem mag word. Gee opdrag aan familielede dat niemand sonder u toestemming voorwerpe uit u huis mag uitneem nie.
- Moet nooit 'n hofbevel ignoreer nie. Wanneer u 'n dagvaarding vir skuld ontvang, beteken dit dat iemand regstappe teen u neem. Indien u nalaat om in die hof te verskyn, sal u nie die geleentheid hê om u saak te stel nie en uitspraak kan gelewer word sonder dat u kant van die saak aangehoor is. Kry regsadvies indien moontlik.

Raak ontslae van agterstallige skuld

U hoef net een paaiement oor te slaan om agter te raak met u betalings. Dit is belangrik om so vinnig as moontlik van agterstallige betalings ontslae te raak.

Probeer om op een van die volgende maniere u rekening op datum te bring:

- Reël om die agterstallige skuld teen 'n sekere bykomende bedrag per maand af te betaal.
- Indien u slegs een paaiement agter is, moet u probeer om die volgende maand 'n dubbel paaiement te betaal.

Wanneer u vroeg klaar betaal

- Bespreek die moontlikheid van 'n terugbetaling van 'n deel van die finansieringskoste met die verkoper indien u die skuld voor die keerdatum afbetaal.
- Indien u te veel betaal het, moet u op 'n onmiddelike terugbetaling aandring.

WANNEER U NIE KAN BETAAL NIE

Wees eerlik wanneer u aansoek doen om krediet.

- Maak seker dat u elke maand betaal.
- Verseker goedere wat op krediet gekoop is.
- Indien u 'n impulsiewe koper is, moet u nooit 'n oop rekening open waar u uiteindelik 'n bedrag kan skuld wat u nie kan bekostig om af te betaal nie.

SUB DIREKTORAAT
VERBRUIKERSDIENSTE & BILLIKE HANDEL
Posbus 979 Kaapstad 8000

Tel: (021) 483-3049 / 4887 / 3910 / 3256 / 5497
Faks: (021) 483-3483
E-Pos: lspannen@pawc.wcape.gov.za